DIE KOK (A)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Toe te rus om met selfvertroue en gemak in die kombuis op te tree.
2. Te leer om eenvoudige geregte voor te berei en te bedien.
3. Kombuisvaardighede soos sny, rasper, skil, en klitsaan te leer.
4. Bewus te maak van die gevare in die kombuis.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. ‘n Ligte ete voorberei deur **EEN** van die volgende geregte te maak:
   - ‘n Frikkadelbroodjie (Hamburger) geurig voorberei met oondgebakte skyfies.
   - Macaroni-en-kaas gereg.
   - Franse braaibroodjie met gerasperde kaas.
   - Worsbroodjie (braai die wors self) met oondgebakte skyfies.
2. Tafel dek vir vier persone en die servette mooi vou of versier.
3. ‘n Klein tafelrangskikking / versiering maak.
4. ‘n Warm melkdrankie maak en na ete bedien.
5. ‘n Tafelgebed doen.
6. Weet hoe om ‘n geringe brandwond te behandel.
7. Opruim:
   - Voorraad wegpak.
   - Skottelgoed was en wegpak.
   - Eetkamer opruim.

C AANBIEDING

1. Die span moet onder leiding van die Offisier al die vereistes nakom.
2. Pragtige kinder kookboeke is beskikbaar.
   Voorbeeld: *Klein Kook en Geniet* – S J A de Villiers en Eunice van der Berg
3. Vereiste 7 is uiters belangrik. Werksverdeling is nodig.